11 April 2010

Teks: Rom. 13:4

Tema: Gehoorsaam God se dienaar, die owerheid.

Votum: Sb 12-3:3 (Staan)

Ons eer U, Vader, U is vol liefde;

Ons eer U, Jesus, ons Heiland, Heer;

Ons eer U, Heil'ge Gees, U maak ons lewe nuut;

Drie-enig God, aan U ons eer!

Groetseën

<u>Psalm 100:1</u> (Staan)

Juig, al wat leef, juig voor die HEER!

Dien God met blydskap, gee Hom eer;

kom nader voor sy aangesig,

en prys Hom met 'n lofgedig!

<u>Psalm 100:2</u>

Die HEER is God, erken dat Hy

'n eie volk vir Hom berei,

'n volk om Hom te dien en vrees

en skape van sy wei te wees.

Psalm 100:3

Gaan deur sy poorte in met lof,

met lofsang in sy tempelhof;

kom in sy huis, o bondsvolk, saam;

verhef sy lof en prys sy Naam.

<u>Psalm 100:4</u>

Want goedertieren is die HEER;

sy goedheid eindig nimmermeer;

sy trou en waarheid hou hul krag

tot in die laaste nageslag.

Skriflesing:

Mt 22:15-22

1 Tim 2:1-4

Rom 13:1-7

Hand 4:18-22

Mat 22:15 Toe het die Fariseërs gaan besluit om Jesus met ‘n vraag in ‘n val te lok.
16 Hulle stuur toe van hulle volgelinge saam met ‘n aantal Herodiane om vir Hom te sê: "Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie.
17 Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie?"
18 Maar Jesus het deur hulle valsheid gesien en vir hulle gesê: "Huigelaars! Waarom stel julle vir My ‘n strik?
19 Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word." Hulle bring toe die muntstuk vir Hom,
20 en Hy vra vir hulle: "Wie se kop en naam is hierop?"
21 "Die keiser s’n," antwoord hulle. Jesus sê vir hulle: "Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort."
22 Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas en het hulle Hom met rus gelaat en weggegaan.

1Tim 2:1 Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense,
2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.
3 So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser,
4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Rom 13:1 Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.
2 Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry.
3 ‘n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys,
4 want die owerheid is ‘n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf.
5 Daarom moet jy jou onderwerp, nie net omdat jy vir straf bang is nie, maar ook omdat dit ‘n gewetensaak is.
6 Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer.
7 Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is, aksyns as dit aksyns is, ontsag as dit ontsag is, eer as dit eer is.

Hand 4:18 Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie.
19 Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God.
20 Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."
21 Nadat die Raad die apostels daarby nog ernstig gedreig het, het hulle hulle losgelaat. Hulle het dit gedoen omdat hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie en vanweë die houding van die volk, want al die mense het God geprys oor wat daar gebeur het.
22 Die man wat deur hierdie wonder gesond geword het, was immers al oor die veertig.

<u>Psalm 119:22</u> (Staan)

Wanneer u woord vir mense oopgaan

dan bring dit kennis, dit bring lig.

Laat skyn, voor ek die nagwaak ingaan,

oor my, o Heer, u aangesig.

U woord bepeins ek deur die nag.

Skenk my die lig waarop ek wag.

Prediking:

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Sb 18-7:1</u> (Staan)

Hy het my die stad getoon,

groot en van die hemel dalend,

en, deur God se ligglans skoon,

soos 'n kleurgesteente stralend,

helder soos 'n kristallyn

wat in al sy klaarheid skyn.

Sb 18-7:3

Lokkend staan die poorte oop,

oop na al die wêreldoorde,

dat die nasies toe kan loop:

van die suide en van die noorde

en vandaar waar son en maan

nie meer op- en ondergaan.

<u>Sb 18-7:8</u>

Maar 'n tempel, skoon van bou

(aan wat was nog steeds gedagtig!)

het my oog nie daar aanskou;

want die Here God almagtig

is sy tempel, en die Lam

is die helder altaarvlam.

Sb 18-7:10

Nasies, vry van die gerig,

kom uit nuwe wêreldlande

om te wandel in die lig.

Konings bring hul offerande

uit 'n volle wêreldskat:

eer en glorie, in die stad.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen